No. 565 23 Maart 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE GLOBE TAVERN, BARBERTON

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Perseel 1322 met die historiese gebou bekend as die "Globe Tavern" daarop, in Barberton, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese gebou bekend as die "Globe Tavern" daarop, synde Perseel 1322, geleë in die dorpsgebied Barberton, Registrasieafdeling JU, Transvaal, en groot 248 (tweehonderd agt-en-veertig) vierkante meter.

Transportakte 14156/1977, gedateer 13 Mei 1977 (paragraaf 2).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie voormalige herberg is in 1887, twee-en-'n-half jaar ná die stigting van Barberton, geopen. Dit is tiperend van die hout-en-ystergeboue wat die Oos-Transvaalse goudvelde tydens die laaste kwart van die vorige eeu gekenmerk het en is 'n belangrike skakel met ou-Barberton. 10/2/652.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 565 23 March 19

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE GLOBE TAVERN, BARBERTON

By virtue of the powers vested in me by sectio 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 2 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister c National Education, hereby declare Stand 1322, wit the historic building known as the Globe Taver thereon, in Barberton, to be a national monument

*Description*

The property, with the historic building known a the Globe Tavern thereon, being Stand 1322, situat in the Township of Barberton, Registration Divisio JU, Transvaal, and measuring 248 (two hundred an forty-eight) square metres.

Deed of Transfer 14156/1977, dated 13 May 197 (paragraph 2).

*Historical and architectural interest*

This former tavern was opened in 1887, two and a half years after Barberton was founded. It is typical of the wood and iron buildings which characterised the gold-fields of the Eastern Transvaal during the last quarter of the previous century and is an important link with old Barberton. 10/2/652.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

No. 566 23 Maart 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE MURRAY-HUIS DAAROP, TE DROSTDYSTRAAT 11, STELLENBOSCH

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die historiese gebou bekend as die Murray-huis daarop, te Drostdystraat 11, Stellenbosch, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die historiese gebou bekend as die Murray-huis daarop en beskryf as sekere stuk grond, synde Erf 1272, Stellenbosch, geleë in die munisipaliteit en afdeling Stellenbosch en groot sewe-en-vyftig (57) vierkante roede een-en-dertig (31) vierkante voet sewe-en-veertig (47) vierkante duim.

Transportakte 11705/1964, gedateer 23 Junie 1964.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die oorspronklike gedeelte van hierdie gebou dateer uit die middel van die agtiende eeu. Dit is tans 'n tipiese dubbelverdiepingdorpshuis. Die bekendste eienaar van die eiendom was prof. John Murray, een van die eerste twee professore aan die Teologiese Kweekskool. 10/2/657.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 566 23 March 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE MURRAY HOUSE THEREON, AT 11 DROSTDY STREET, STELLENBOSCH

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the property with the historic building known as the Murray House thereon, at 11 Drostdy Street, Stellenbosch, to be a national monument.

*Description*

The property with the historic building known as the Murray House thereon and described as certain piece of land, being Erf 1272, Stellenbosch, situate in the Municipality and Division of Stellenbosch and measuring fifty-seven (57) square roods thirty-one (31) square feet forty-seven (47) square inches.

Deed of Transfer 11705/1964, dated 23 June 1964.

*Historical and architectural interest*

The original portion of this building dates from the middle of the eighteenth century. It is now a typical example of a double-storeyed town house. The best-known owner of the property was Prof. John Murray, one of the first two professors at the Theological Seminary. 10/2/657.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.